

**Maandag 18 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 19:1-16**

**Fokusgedeelte: Johannes 19:14, 16**

**Juig saam: Jesus is ons Koning!**

Nadat Jesus gevange geneem is, het die soldate Hom tydens die hofsitting hardhandig en spottend behandel. 'n Doringkroon is op sy kop gesit en hy moes 'n pers mantel (koningskleed) aantrek. Kort-kort het die soldate Jesus geklap en gesê: “*Ons groet u, Koning van die Jode!*” (vs 3).

Goewerneur Pilatus bevind Jesus onskuldig en sê dit vir die Jode. Die Jode hou niks hiervan nie en pers Pilatus af. Indien Pilatus vir Jesus loslaat, is hy nie 'n vriend van die keiser nie. Hy sal sy werk verloor. Pilatus sê vir die Jode: “*Hier is julle koning!*” Hulle skreeu egter: “*Kruisig hom!*” Jesus is onskuldig oorgelewer en weggeneem om gekruisig te word.

Maak ek en jy nie dikwels ook met Jesus soos die Jode nie? Elke keer wanneer jy 'n sondige gedagte het, iets verkeerd sê of doen, dan is jy die oorsaak van Jesus se onskuldige kruisdood. Ja, dis baie erg, en daarmee erken jy Jesus juis nie as jou Koning nie! Elke keer as jy te skaam is om te sê dat jy 'n Christen is en doodstil bly wanneer dinge verkeerd loop, erken jy Jesus nie as jou Koning nie.

Die goeie nuus is genadiglik dat Jesus juis as ons Verlosser ons skuld deur die spot, kruisdood en hel kom betaal het. Hy het ons verdiende dood gesterf sodat ons kan lewe, ewig lewe! Jesus bevestig deur sy kruisdood en opstanding dat Hy waarlik Koning is, ons Koning! Wanneer ons nagmaal vier, vereer ons Koning Jesus.

Kom ons dink, praat en leef anders. Mag die Heilige Gees ons verder vul, lei en aan Jesus, ons Koning, laat vashou. Kom ons juig saam: Jesus Christus is namens ons gekruisig en Hy het waarlik opgestaan! Jesus is ons Koning!

*Sing: Lied 184:1, 4*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*